

Sing vooraf staande: Psalm 74:7, 15 (p. 372)

- 2 Ons sien geen tekens in die donker uur / van u verbond, en daar is geen profete
wat ons meer troos of bring die dieper wete / hoe lank ons druk en hartseer nog moet duur.
- 2 Ons is omring deur skrik en duisterheid: / uit donker plekke loer die onheilsmagte.
Maar bo ons skyn die helder sterrewagte / van u verbond, waarop ons voor U pleit.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 138:1, 4 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode^o in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 4 As in my angs en teespoed / die krag en moed my wil begewe,
as vyande van veglus brand, / dan keer u hand en red my lewe.
Die HEER is goed en wondersterk: / Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.
Laat my, o HEER wat my bewaar, / tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 119:38, 39 (p. 584)

- 38 HEER, ek wyk deur u genade / weg van elke slegte pad;
maar ek wyk nie van u regte, / want hul is my wysheidskat.
Soet soos heuning is u woorde, / soeter, want hul gee my raad;
daarom is 't dat ek van harte / al die valse paaie haat.
- 39 HEER, u woord is my 'n fakkelt / wat sy ligglans voor my dra,
voor my voet die duisternisse / van my lewenspad verja.
'k Het gesweer, deur u ontferming / dit bevestig, dat ek my,
van 'n wêreldnag omgewe, / deur die ligglans wil laat lei.

Gebed

Psalm 118:3, 4 (p. 575)

- 3 Toe ek, omring van alle sye, / die vyand rondom my sien staan,
het God my stem gehoor uit lye, / en my weer veilig uit laat gaan.
Ek sal nie langer hulp'loos wees nie, / of wanhoop selfs in doodsgevaar:
ek sal die mens nie langer vrees nie, / wat magt'loos is as God bewaar.
- 4 Die HEER, die Hoof van duisendtalle, / sal in die stryd my hulp verskaf.
Dan kyk my oog met welgevalle / op my verwoede haters af.
Dis beter by ons bidde^o en wense / dat ons vertrou op God se mag,
as dat ons ooit vertrou op mense, / of selfs van prinse hulp verwag.

Skriflesing: Jesaja 8:1-9:7

Kernverse: Jesaja 8:23-9:1

Want nie langer sal dit donker wees waar benoudheid is nie: in die eerste tyd het Hy die land Sébulon en die land Náftali in veragting gebring, en in die laaste tyd bring Hy tot eer die weg na die see, die oorkant van die Jordaan, die streek van die heidene. Die volk wat in duisternis wandel, het 'n groot lig gesien; die wat woon in die land van doodskaduwee, oor hulle het 'n lig geskyn. (Jesaja 8:23-9:1 AFR53)

Tema: Die Lig wat die duisternis verdryf

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, lig en duisternis is twee begrippe wat selfs vir kinders verstaanbaar is. Sommige kinders het so 'n groot vrees vir die donker dat hulle te bang is om selfs in 'n donker kamer te slaap. Selfs grootmense raak makliker kriewelrig wanneer hulle 'n geluid in die donker hoor as wat hulle daardie selfde geluid helderoordag sou gehoor het. Die kontras tussen lig en donker is baie maal vir ons dieselfde as die kontras tussen mooi en lelik of reg en verkeerd.

Wanneer ons van lig en duisternis in die Bybel lees, assosieer ons lig gewoonlik met die werk van die Here ons God. Nadat God die hemel en die aarde geskep het, is die eerste ding wat Hy daarna skep die lig. Wanneer Johannes die evangelie van Jesus Christus begin, sluit hy aan by Genesis 1 en dan sê hy:

In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie. (Johannes 1:4-5 AFR83)

Paulus skryf van God die Vader dat Hy in 'n ontoeganklike lig woon. Dit wil sê, sy heerlijkheid en majesteit is so verblindend helder dat 'n mens wat nog met sonde besmet is, God nie kan aanskou nie. Ook die werk van die Heilige Gees word met lig verbind. Dit is Hy wat ons verstand verhelder sodat ons die Woord van die Here kan lees en verstaan en uiteindelik glo.

Aan die ander kant word duisternis geassosieer met die werke van die Satan en sy bese magte. Skelms beplan hulle bese werke in die geheim en verkieslik in die donker. En as hulle hulle bese werke uitvoer, verkies hulle ook die donker sodat hulle nie gesien kan word nie. Donkerte is eie aan die Satan en sy werk. Hy het aan ons eerste ouers wonderlike kennislig belowe as hulle na hom luister en van die verbode vrugte eet. Maar van daardie lig het daar niks gekom nie. Inteendeel, van toe af is die mens in sy hart verduister weens die sonde en wil hy eerder wegkruip sodat God hom nie sal sien nie.

Broers, susters en kinders, die Heilige Gees het vir Jesaja gelei om ook hierdie twee begrippe – lig en duisternis – aan te wend toe hy ons gelese gedeelte geskryf het. Hoofstuk 8 begin met 'n skemer wat oor die land kom en eindig met volslae duisternis en donkerte. En dan, teenoor hierdie volslae duisternis breek die helder lig uit aan die begin van hoofstuk 9 wat uitloop op die een wat dié Lig is – die Messias van God, Jesus Christus ons Here. Maar laat ons die saak nie nou vooruitloop nie. Kom ons begin voor.

Die gebeure wat die Heilige Gees vir ons in die gelese gedeelte openbaar is dieselfde gebeure wat Hy reeds in Jesaja 7 geopenbaar het. Die teken van Immanuel wat die Here aan Agas gegee het, het ons voorheen gehoor, is 'n teken tot oordeel en tot redding. Hulle wat nie in die Here wil glo, hulle tot Hom bekeer en hulle vertrou net in Hom stel nie, sal nie staande kan bly wanneer die Here vir Assirië soos 'n skeermes oor die land gaan trek nie. Vir hulle sal die Immanuel-teken 'n teken tot oordeel wees. Maar die heilige geslag – die klein groepie gelowiges in die land oor wie die Here Hom gaan ontferm te midde van die oordeel wat Hy oor Juda gaan bring – sal deur die geloof in die Here bly lewe. Dit is ook uiteindelik hulle wat sal terugkeer en vir wie die Immanuel-teken 'n teken tot redding is. Hierdie hele gelese gedeelte is dus 'n verdere uitbreiding op die teken wat die Here vir Agas gegee het:

Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immanuel noem.
(Jesaja 7:14 AFR53)

Dit wil tog voorkom of die seun van Jesaja van wie ons aan die begin van hoofstuk 8 lees die eerste vervulling is van die Immanuel-profesie. Vroeër is die teken net aan Agas gegee, maar nou moet Jesaja op bevel van die Here voor getuies op 'n plakkaat skryf: **Plunder en roof is naby** (Jesaja 8:1 AFR83). Die Immanuel-teken was uiteindelik nie net vir Agas en die huis van Dawid bedoel nie, maar

vir die hele volk van Juda. Almal moet weet dat die Here doen wat Hy sê. Hy sal *God met sy volk* wees of hulle dit nou wil erken of nie. Kort daarna het Jesaja se vrou swanger geword en 'n seun in die wêreld gebring en die Here sê dit is wat sy naam moet wees: **Plunder en roof is naby** (Jesaja 8:3 AFR83). En die rede vir hierdie naam is, sê die Here, nog voordat die seun groot genoeg is om behoorlik te kan praat, sal Assirië vir Damaskus en Samaria oorrumpel het. Kyk net wat het die Here vroeër gesê oor die seun Immanuel:

Want voordat die seuntjie weet om te verwerp wat kwaad is en te kies wat goed is, sal die land vir wie se twee konings jy bang is, verlate wees.

(Jesaja 7:16 AFR53)

In hierdie eerste verse sien ons die skemer oor die land Juda toesak, want Assirië gaan sy magsgebied nie net wil uitbrei tot by die grens van Juda nie. Hy sal as wêreldmag verder wil gaan. Dit is immers nie net koning Agas wat hom nie tot die Here wil bekeer en op Hom vertrou nie. Agas se volk het ook eerder die sterk waters van die Eufraat, van waar die Assiriërs kom, verkies bo die kalm waters van Siloag wat die Here voorsien. Die magte van Assirië sal tot by die nek van Juda kom. Hulle sal die hele grondgebied van Juda oorstroom, maar net deur die Here se ontferming vir die heilige geslag sal Hy nie toelaat dat Jerusalem onder Assirië se aanslag tot 'n val kom nie. Die skemer wat dus oor Juda toesak, raak nou al hoe sterker.

Dan maan die Here sy oorblyfsel – hulle vir wie Hy met die Heilige Gees se werk vashou – om nie soos die res van die volk vir alles te skrik nie.

Die HERE van die leërskaer — Hom moet julle heilig, en laat Hy julle vrees en Hy julle verskrikking wees! Dan sal Hy vir julle 'n heiligdom wees.

(Jesaja 8:13-14a AFR53)

Die oorblyfsel van die Here moet te midde van die benoudheid wat die skeermes van Assirië die land gaan aandoen, nie vir Assirië of watter mens ook al skrik nie. Hulle moet agting vir die Here behou en Hom eer en vrees, want Assirië is maar net die instrument in God se hand. Vir hierdie oorblyfsel sal die Here 'n veilige vesting wees, 'n rots waarop hulle kan staan van waar hulle op hulle vyande sal kan neersien. Deur die verligting van die Heilige Gees se werk en sy krag kan die gelowiges te midde van die benoudheid en donkerte hulle vasklem aan die Here, hulle Rots en Beskermer.

Maar vir die res van die volk wat agter Agas aan hardloop, gaan die skemer so donker word dat die Here 'n klip sal wees waarteen 'n mens stamp en 'n rots waaroor 'n mens struikel. En in hulle val oor die rots gaan hulle oë nog steeds nie oop nie. Die donkerte is nie net rondom diegene wat hulle nie wil bekeer nie, maar hulle is ook in hulle hart en verstand verduister. Hulle **raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel** (Jesaja 8:19 AFR853), maar die Here hulle God raadpleeg hulle nie. En uiteindelik word hulle in 'n jammernag en donkerheid in gedrywe omdat hulle hulle nie tot die Here wou bekeer nie.

Midde-in die stikdonkerte maan die Here – met Jesaja se lewe – die gelowiges verder:

En ek sal wag op die HERE, wat sy aangesig verberg vir die huis van Jakob, en op Hom hoop. (Jesaja 8:17 AFR53)

En as iemand sou wou vra: Maar hoe kan 'n mens nog in sulke stikdonkerte op die Here bly wag en op Hom hoop? gee Jesaja self die antwoord:

Terug na die wet en die getuienis van die Here! (Jesaja 8:20 AFR83)

Die Woord van die Here bly in die stikdonker van die nag van geweld die lamp wat die duisternis voor ons voete verjaag. Die getuienis wat die Here self gee van die koms van Immanuel en die koms van die Lig bly vir altyd waar. Daarom kan die gelowige deur die Woord en die oordenking daarvan

steeds aan die Here bly vashou en op Hom hoop.

Geliefdes, nooit as te nimmer kan dit so donker word rondom ons dat die Here ons nie meer kan sien nie. Selfs die duisternis is soos lig vir die Here, skryf Dawid. En as dit rondom jou nag geword het weens jou omstandighede en jy kan nie meer 'n menslik verstaanbare uitkoms sien nie, beteken dit geensins dat die Here jou nie kan sien nie. Hy sien jou raak. En deur sy Gees is Hy in jou teenwoordig. En die Heilige Gees sal jou oë so verlig dat jy te midde van die donkerte – daar by jou werk, in die land van ons met sy onrus en korrupsie, in jou huwelik en gesin – steeds die Woord van die Here kan raaksien sodat die lig daarvan metertyd ook die duisternis voor jou voete verjaag.

Maar wee die mens wat ondanks die helder strale van die Here se Woord en die aanhoudende roepstem van die Here om hom te bekeer hom steeds nie daaraan wil steur nie. En in plaas daarvan om op die Here te vertrou, soos die Here sê, eerder sy toevlug neem tot die magte van die duisternis – die waarsêers en dodebesweerders. Deur sy eie ongehoorsaamheid sal dit so donker word in sy hart dat hy selfs vir God sal vervloek en in volslae duisternis verval.

Aan watter getuienis van die Here sou die oorblyfsel in Juda kon vashou waarmee die duisternis voor hulle voete verjaag word? Hierdie getuienis:

Want nie langer sal dit donker wees waar benoudheid is nie: in die eerste tyd het Hy die land Sébulon en die land Náftali in veragting gebring, en in die laaste tyd bring Hy tot eer die weg na die see, die oorkant van die Jordaan, die streek van die heidene.

Die volk wat in duisternis wandel, het 'n groot lig gesien; die wat woon in die land van doodskaduwee, oor hulle het 'n lig geskyn. (Jesaja 8:23 – 9:1 AFR53)

Die Heilige Gees rig Jesaja se oë op die toekoms. In die eerste kernvers skryf hy nog in die toekomstige tyd – nie langer sal dit donker wees nie. Maar in die tweede kernvers maak die Heilige Gees dit duidelik dat hierdie uitkoms beslis sal gebeur. Dit is so seker dat Hy in die verlede tyd laat skryf:

Die volk wat in duisternis wandel, het 'n groot lig gesien; die wat woon in die land van doodskaduwee, oor hulle het 'n lig geskyn. (Jesaja 9:1 AFR53)

Maar kyk eers waar gebeur hierdie dinge. In die gebied van Sebulon en Naftali. Die land van Sebulon en Naftali is in die noorde van die land direk langs die See van Galilea. Hierdie gebiede is die swaarste getref toe Assirië die noordelike ryk met Samaria as hoofstad binnegeval het. Sebulon en Naftali het eerste die vurige aanslag van die Assiriërs beleef. Hierdie deel van die beloofde land wat beleef het dat die Here dit asof met minagting behandel, sal ook die deel van die beloofde land wees wat weer die eerste die eer en verheffing van die Here ontvang.

Hierdie noordelike deel van die land het eerste deurgeloop onder die oordeel van die Here oor die sonde van die volk van die Here. Hier dieselfde noordelike deel het eerste die eer gehad om die openbare optrede van Jesus Christus te sien en Hom te kon hoor. Luister hoe beskryf Matteus dit:

Toe Jesus hoor dat Herodes vir Johannes in die tronk laat opsluit het, het Hy na Galilea toe gegaan. Hy het nie in Nasaret gaan bly nie, maar Hom gaan vestig in Kapernaum by die see, in die gebied van Sebulon en Naftali. So moes vervul word wat deur die profeet Jesaja gesê is: “Jy, gebied van Sebulon en gebied van Naftali, aan die seekant en oorkant die Jordaan, Galilea waar die heidene woon! Die volk wat in duisternis woon, het 'n groot lig gesien; hulle wat in die skemer-land van die dood lewe, vir hulle het die lig opgegaan.” Van toe af het Jesus begin preek: “Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.”

(Matteus 4:12-17 AFR83)

Hierdie noordelike deel van die land het eerste die evangelie van genade en sorg gehoor uit die mond van Hom wat die eintlike Immanuel is – God met ons – die groot Lig en nie maar net die skaduwee van Hom wat sou kom nie.

Die beslistheid van die koms van Jesus Christus die Seun van God word beklemtoon.

Die volk wat in duisternis wandel, het 'n groot lig gesien. (Jesaja 9:1 AFR53)

Jesus Christus is die lig wat die duisternis wat sy mense verduister, verdryf. Hoe doen Hy dit?

Die wat woon in die land van doodskaduwee, oor hulle het 'n lig geskyn.
(Jesaja 9:1 AFR53)

Deur die lewe en die prediking van Jesus word die duisternis verdryf. Maar Hy begin nie om die duisternis wat rondom ons is te verdryf nie. Hy kom nie om maar net ons omstandighede te verander nie. Jesus dring deur tot die kern van die duisternis wat binne-in die hart van die mens is. Daarom roep Hy die wat na Hom luister op om hulle te bekeer.

Hierdie lig wat gesien is, is nie maar net eers 'n skemering soos voor dagbreek wat ons elke oggend sien nie. Nee, Jesaja sê dit is 'n groot lig wat helder skyn. Jesus Christus was nie maar net 'n egte, sondelose Mens wat uit die maagd Maria gebore is in wie die Seun van God later sy intrek geneem het nie. Van die oomblik dat Maria swanger geword het, was die Seun van God binne-in haar om die menslike natuur aan te neem en later gebore te word as Jesus Christus ons Here. Die lig wat gesien is, was van die eerste oomblik af helder. En die Woord wat Hy verkondig het, was verstaanbaar van die eerste klanke af.

By die geboorte van Jesus Christus het lig keer op keer verskyn om mense na die eintlike Lig te lei. Die skaapwagters wat in die oop veld gebly het en in die nag oor die skape wag gehou het, het met eens 'n engel gesien en die glans van die heerlijkheid van die Here het rondom hulle geskyn. En na aanleiding van die boodskap van die engel is hulle na die Lig van die wêreld gelei – die Kindjie toegedraai in doeke in die krip. Die wyse manne uit die ooste is deur middel van 'n baie helder ster gelei – eers na Jerusalem en uiteindelik na Betlehem toe – om die helder Môrester te kon sien: die Koning van die Jode – die Here Jesus.

En wanneer hierdie verblindende, helder straal van God se liefde en sorg deurbreek, gebeur daar dinge. In Jesus Christus het God die vreugde en blydschap van sy uitverkore volk vermeerder en groot gemaak. Jesus vergelyk sy teenwoordigheid by sy mense met 'n bruilof. Die Fariseërs wou by Jesus weet waarom sy dissipels glad nie vas nie. Toe antwoord Hy hulle:

Kan die bruilofsgaste dan treur solank die bruidegom by hulle is? Maar daar kom 'n tyd wanneer die bruidegom van hulle weggeneem sal word, en dan sal hulle vas (Matteus 9:15 AFR83).

Ons hoor ook van hierdie vreugde by Simeon en Anna toe Josef en Maria die Kindjie na die tempel gebring het om die gebruikelike bepaling van die wet na te kom. Albei van hulle loof en prys God dat Hy aan sy volk die Verlosser gegee het. Dit is 'n blydschap soos tydens die oestyd.

Maar daar gebeur nog meer. Jesaja se oë word so deur die Heilige Gees verhelder dat hy verby die geboorte van die Messias na die uiteindelijke verlossingswerk van die Messias kyk. Vir baie het Jesus halfnaak aan die kruis nie na iemand besonders gelyk nie. Baie het met Hom die spot gedryf. Selfs sy Vader verlaat Hom sodat daar geen lig meer op die aarde is nie. En in daardie duisternis van drie uur verbreek Hy die juk wat op sy volk gedruk het en die stok waarmee hulle geslaan is. In die Satan se eie donker wêreld het Jesus, die Lig van die wêreld, ingegaan om sy kinders te verlos. En toe Hy dit afgehandel het, het die lig weer deurbreek. Sy werk was volbring. Die Lig het die

duisternis verdryf.

Maar dit is nog nie finaal afgehandel nie. In my en in jou hart is daar nog donker kolle en ons is bang die lig val daarop. Stelselmatig is die Heilige Gees egter besig om met die lig van die Woord in te gaan tot by daardie donker hoeke van ons hart sodat ons met sy lig ook die duisternis daar kan verjaag.

Geliefdes, deur Jesus se verlossingswerk en deur die Heilige Gees se heiligmaking het ons mense van die lig geword. Daarom lewe ons ook in die lig en die evangelie wat ons verkondig wil ons nie geheim hou nie, want ons skaam ons nie daarvoor nie. Ons weet immers dit is die lig van die evangelie van Jesus Christus wat die duisternis uit ons lewe verdryf. En omdat ons die vreugde van hierdie lig beleef, wil ons dit graag met ander mense gaan deel wat nog in die duisternis vasgekeer is. Mag ons dan ook die lig vir die wêreld wees waartoe Jesus elkeen van ons oproep het.

Amen!

Slotgebed

Psalm 67:1, 2 (p. 326)

- 1 Wees ons, o HEER, wees ons genadig / en seën ons by oewervloed;
U aanskyn, laat dié weer weldadig / ons koester met sy liefdegloed;
dat vir verste volke / deur ontslote wolke / kennislig kan breek;
nasies met verblyding / van die blye tyding / in hul land kan spreek!
- 2 Die nasies wat U nou nie prys nie, / hul sal U loof, hul almal saam.
Die volk wat U geen dank bewys nie, / sal sing die grootheid van u Naam.
U, hul loflied waardig, oordeel hul regvaardig, / U wat nasies lei.
Lande vergeleë / juig oor verre seë, / in u goedheid bly.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
16 Desember 2012